

Aftrede: Twee goed wat almal vergeet

Belastingkoers en risikodekking kan die deurslag gee

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande



Die kennisgewing by 'n groot handelswarewinkel lui "Seniors Discount". 'n Vriendin vra toe vir die klerk by die toonbank wanneer word 'n mens nou as 'n "senior" beskou?

"Op 'n Woensdag, Mevrou."

Nou, toe nou. Ek dog as jy eers die oordom van oumense bereik het, jy elke dag van die week daardie ouderdom is.

Of jy so voel, of nie.

En aftrede?

Dit is blywend. En daarom moet jy van die begin af net voor aftrede reg beplan. Daar gaan nie 'n Woensdag kom wanneer jy minder of meer afgetree is nie.

Hier is 'n paar wenke oor die faktore wat aandag moet geniet wanneer jy voor die aftredeur staan.

Kontantonttrekking

Lede van pensioenfondse (vastebydraefondse) het by aftrede die keuse om eenderde van hul pensioenfondsgeld in kontant te laat uitbetaal. Met die res moet hulle 'n verpligte pensioen mee aankoop (lees my rubriek "Kry kinders se hande uit jou sak en beursie" op 03.09 vir meer daaroor).

Daar is twee goed wat ek sien baie mense vergeet.

Eerstens, die feit dat hulle (die meeste mense) om mee te begin te min byme-kaargemaak het vir 'n gemaklike aftrede.

Jou pensioenfondse alleen is byna nooit genoeg nie. Ek sal anderdag meer daaroor skryf.

Die tweede is dat daardie eenderde toelaatbare kontantonttrekking belasbaar is. Dit begin by 0% op die eerste R550 000 en eindig met 36% op alles bo R1 155 000.

My raad is trek net soveel as wat jy kan wat teen 'n laer koers as jou marginale inkomstebelastingkoers belas gaan word. Ek hoop dit maak sin.

As jou marginale belastingkoers byvoorbeeld onder 30% is, is dit mos dom om 36% belasting te gaan betaal op geld

Opsies met 'n lewensannuïteit

In my rubriek van 3 September waarna ek hiernaas verwys, het ek genoem van 'n ge-waarborgde lewensannuïteit.

Dit het baie vroeë lesers ontlok.

Hier is die opsies sou jy so 'n lewensannuïteit oorweeg.

Kapitaal terug by dood

Dis die een wat die meeste aandag getrek het. Sommige vra of dit 'n standaardvoordeel van die lewensannuïteit is. Ander wil weet of dit groei met inflasie.

Nee, dit groei nie. Jy kan nie jou brood aan albei kante gebotter kry nie. Jou lewenslange pensioen en jou kapitaal word beskerm.

En dit is nie standaard nie. Dit is 'n voor-

deel wat jy aankoop. My syfers in die voorbeeld van 3 September het dit reeds verrek.

10-jaar-waarborg

Jy het ook die opsie om 'n 10-jaar-waarborg te koppel aan jou pensioen. Dit beteken bloot dat sou jy binne 10 jaar sterf, al jou geld nie "weg" is nie. Dit sal bly uitbetaal tot aan die einde van die 10 jaar of jou dood, welke een die langste is.

Tweede lewe

Jy kan 'n tweede lewe koppel aan die pensioen, byvoorbeeld jou man of vrou. In so 'n geval sal die pensioen bly uitbetaal tot by sterfte van die langlewende. Met of sonder die kapitaalbehoud hierbo genoem.



wat in elk geval joune is, nie waar nie?

Dan is dit mos beter om die kontantbedrag te beperk tot waar jy net 27% moet betaal. Of selfs 18%, die ander koers vir aftree-kontantbedrae.

In elk geval, hoe minder jy onttrek hoe meer het jy vir jou pensioen. En dit moet vir 'n baie lang tyd kan uitbetaal.

Die kontant wat jy wel onttrek, kan belê word vir kapitaal groei. Of as jy ander kapitaal het, dit belê in 'n vrywillige annuïteit (pensioen).

Dit is basies soortgelyk aan 'n lewensannuïteit, maar teen 'n vriendeliker belastingkoers.

Jy trek dus dubbel voordeel, eers deur die kontantonttrekking te maak teen 'n laer belastingkoers as jou marginale koers en dan deur 'n vrywillige pensioen te koop wat nie ten volle belasbaar is nie.

Die GEPE en die gratifikasie

Lede van die staat se pensioenfondse (GEPE, 'n vastevoordeelfonds) het 'n gratifikasie wat uitbetaal en eweneens belasbaar is. Jy het nie die vryhede wat lede

van vastebydraefondse het nie, maar jy moet steeds beplan.

Byvoorbeeld, jy sal 'n keuse hê om ná jou dood vir 'n oorlewende gade voorsiening te maak met 50% of 75% van jou pensioen.

Daar is by my geen twyfel dat dit die 75%-opsie moet wees nie.

Huishoudelike uitgawes verminder nie met die helfte wanneer die een party sterf nie. Sorg vir jou mense.

Maar niks is gratis nie. Daardie 75%-pensioen moet gefinansier word. En dit kan gedoen word deur of jou gratifikasie te verminder of jou maandelike pensioen te verminder.

My raad is verminder die gratifikasie.

Die kans dat jy dit kan uitmors op onnodige twak is in elk geval goed.

Risikodekking

Die meeste aftreefondse bied ook 'n mate van risikodekking, lewens- en ongeskiktheidsdekking. Dit is nooit genoeg nie (laat ek dit net noem vir die jonger mense wat hier lees en moet voorsiening

maak daarvoor).

Kyk na jou risikovooredele. Dit vervel wanneer jy aftree. Baie versekeraars het 'n voortsettingsopsie waarna ek voorstel jy kyk. Maar dit gaan ook beplanning kos en uiteraard sal dit gedoen moet word in samewerking met 'n kundige finansiële raadgewer.

As jy ander lewensdekking het, moet dit nie goedsmoeds kanselleer net omdat jy skuldry en die kinders uit die huis is nie. As dit onnodig blyk te wees, laat die kinders dit oorneem. Jy het immers jare lank daaraan betaal en hulle gaan tog die voordeel kry.

En dan hanteer jy mos sommer die kwessie van "iets vir kinders nalaat", waaroor ek geskryf het in die rubriek waarna ek hierbo verwys.

Gevreesdesiektedekking is 'n risiko wat ek meen elkeen moet oorweeg. Ons leef almal langer. En ons wil almal langer leef. Maar ons leef nie gesonder nie. Die kans dat jy 'n gevreesde siekte opdoen, is baie goed.

Maar sulke dekking is duur as jy by aftree-ouderdom is. En dit is nóg 'n rede waarom jy jou lewenspolis in stand moet probeer hou ná aftrede.

Sou jy terminaal siek word, kan die lewenspolis vroeër uitbetaal, wat kan help met duur behandeling sodat alles nie uit jou pensioengeld gedra moet word en jy jou naasbestaandes uiteindelik sonder geld nalaat nie.

Testament

Ja, jou testament is deel van aftreebeplanning. As jy een het, hersien dit.

Die groot voordeel van oudword, soos ek altyd sê, is dat jy nie meer jonk kan doodgaan nie. Maar dood gaan jy dood.

Maak seker jou testament kan dan die praatwerk vir jou doen.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com